**Die verwerping van Saul as koning**

**1 Sam 13:1-15:35**

**22 September 2024**

1. Vantevore: Die volk vra vir ‘n koning om hulle oorloë te voer. Samuel, en die Here, oordeel dit was verwerping van die Here as Koning. Die Here gee egter ‘n koning as deel van openbaringsgeskiedenis. Die Here verwag gehoorsaamheid. Saul is as koning gesalf.
2. Gebeure tydens die oorlog teen die Filistyne (1 Sam 13:1-14:46)
    a. Jonatan het Filistynse wagpos aangeval – gevolglik trek die Filistyne op teen die volk
    b. Samuel daag nie binne 7 dae op om offers te bring nie – Saul doen dit self (1 Sam 13:8-9, vgl 1 Sam 10:9)
    c. Samuel oordeel dit was dwaas – Saul moes as koning beter geweet het (1 Sam 13:13)
    d. Saul sal as koning vervang word met ‘n man na die Here se hart (1 Sam 13:14)
    e. Jonatan maak 20 Filistyne dood – die Here bring vrees onder Filistyne (1 Sam 14:15)
    f. Saul wil die verbondsark teenwoordig hê, dan weer nie (1 Sam 14:18-20)
    g. Ondeurdagte eed van Saul lei tot swak manskappe, bedreig Jonatan se lewe (1 Sam 14:24-46)
    h. Saul wou agtervolging oornag voorsit – sonder om die Here te raadpleeg (1 Sam 14:36)
3. Saul se ander oorloë (1 Sam 14:47-52)
    a. Oorwinnings oor Moabiete, Ammoniete, Edomiete, Soba, Filistyne, Amalekiete
4. Gebeure tydens die oorlog teen die Amalekiete (1 Sam 15:1-35)
    a. Saul moes die Amalekiete met die banvloek tref (1 Sam 15:1-3, vgl Eks 17:8-14, Deut 25:17-19)
    b. Saul spaar Agag se lewe, en die beste diere (1 Sam 15:7-9)
    c. Die Here is spyt dat Hy Saul koning gemaak het (1 Sam 15:10-11)
    d. Die Here het vreugde in gehoorsaamheid, eerder as offers (1 Sam 15:22)
    e. Die Here verwerp Saul as koning (1 Sam 15:23) – en Hy sal nie spyt kry hieroor nie (1 Sam 15:29)
5. Hoekom die Here Saul verwerp het as koning, alhoewel Hy hom vroeër aangestel het
    a. Die Here se verwagting van koning: wet bestudeer, ontsag vir God hê, gehoorsaamheid
    b. Volk se verwagting van koning: moet hulle oorloë voer – Saul het hieraan voldoen
    c. Saul voldoen nie aan Here se verwagtinge nie – daarom verwerp die Here hom:
        - Bring self die brandoffer
        - Wil die een oomblik die verbondsark teenwoordig hê, dan weer nie
        - Wil agtervolging voort sit sonder om die wil van die Here te vra
        - Spaar Agag se lewe, terwyl hy hom met banvloek moes tref
    d. Hoekom het die Here dan vir Saul as koning aangestel?
        - Deel van openbaringsgeskiedenis – wys hoe die koning nie moet lyk nie
        - Koning is die manier waarop duiwel se kop vermorsel sal word (vraagstuk 3): daarom is Saul in baie oorloë, maar hy is eiesinnig en opstandig – veral spaar hy Agag (volgeling van die duiwel) se lewe
        - Koning moet ‘n man na die Here se hart wees, moet nie geneig wees tot sonde nie, moet nie sondeskuld hê nie, moet nie deur duiwel beïnvloed word nie